



TEOLOGIESE OPLEIDING – Watter basis?

In Die Skietlood 52 het ons begin kyk na die verskillende Historiese Kritiese metodes as akademiese raamwerk vir teologiese navorsing. Die filosofiese agtergrond sover maak dit twyfelagtig of daar positief geantwoord kan word op die vraag: Moet ons hierdie benadering steeds ondersteun of moet ons gaan na 'n ander benadering soos die Grammaties-Historiese benadering? Die volgende filosofiese invloede moet ook genoem word:

'n Volgende filosoof wat 'n invloed gehad het op die Historiese Kritiese benadering, is **Immanuel Kant**. Kant het as rasionalis begin, maar die vrug van sy denke is 'n saamsmelt van empirisme en rasionalisme wat uitgeloop het op 'n **agnostisisme** (God en die hiernamaals kan nie geken word nie) betreffende werklikheid. Kant ontwikkel die denke van die empiriste verder deur te stel dat kennis nie net deur waarneming opgebou word nie. Die menslike verstand verwerk die sensoriese inligting. Hy het tot die gevolgtrekking gekom dat die menslike verstand met vooroordele inligting inneem en verwerk. Dit beteken dat geen saak op sigself (*ding-an-sich*) geken kan word nie, maar net soos die verstand die saak waarneem en verwerk. Hierdie benadering het skeptisisme loopgraaf-diep in menslike nadenke ingebed. Die mens moet oor alle kennis skepties wees en bly. Dit is veral die geval met dinge wat nie waarneembaar is nie, nie-materialistiese godsdienstige kategorieë en metafisiese werklikhede. Dit kom daarop neer dat God onkenbaar is en agnostisisme is die logiese gevolg. Kant was die toonbeeld van die denke van die Aufklärung (Tydperk van Verligting).

In reaksie op die Aufklärung het die **Romantisisme** na vore getree. Verskeie denkers het hierdie melankoliese verlange-denke bevorder, maar dit was die teoloog **Friedrich Schleiermacher** wat die grootste teologiese impak gehad het en soms selfs as die vader van Protestantse liberalisme verstaan word. Romantisisme as benadering tot die lewe beklemtoon die individu, die spontane vryheid, gevoel, emosies geheimenis (misterie) en verbeelding. Schleiermacher se *positiewe teologie* plaas die klem op persoonlike ervaring. Die Bybel was in sy denke nie die openbaring van God nie, maar die versameling van godsdienstige ervarings. Die Bybel was derhalwe relatief van belang veral omdat ervarings, en in die besonder godsdienstige en misterie-ervarings, volgens die denke baie wyer strek as net die Bybel. In Schleiermacher se denkraamwerk het dit primêr gegaan om gevoel en selfbewussyn. Sodanige benadering het nie veel geduld met dogma of 'n benadering wat die Bybel die hoogste gesag maak nie. Vir hom was geloof die gevoel van afhanklikheid wat 'n mens ervaar. Schleiermacher was ook die eerste teoloog wat die ortodokse woordeskat gebruik het, maar die woorde se betekenisinhoud radikaal verander het. In sy denke dra die Bybel bloot godsdienstige ervaring oor en nie gesagvolle, historiese korrekte openbaring nie. Teoloë soos Bultmann en van Aarde is deur sy denke beïnvloed.

In reaksie op die klem op die sensoriese, het die **Idealisme** van mense soos **Hegel** na vore gekom en ook stimulus gegee aan die Historiese Kritiese metodiek. Idealisme het die verstand en

geestelike waardes voorop gestel. Hegel het gedink in terme van die Absolute Gees en het die geskiedenis gesien as die uitspeel van die denke van die Absolute Gees. Hy het gepostuleer dat dit wat rasioneel is, werklik is en dat dit wat werklik is, rasioneel is. Vir Hegel was die kategorieë waarin mense gedink het, metafisiese werklikhede wat onafhanklik van menslike denke bestaan het. Hierdie hernieude klem op menslike denke het openbaring as konsep net verder ondergrawe.

'n Belangrike konsep wat die Histories Kritiese benadering ondersteun, is die evolusiedenke van **Charles Darwin**. **Evolusionisme** is 'n geloofspostulaat wat in baie denkruimtes van die moderne samelewing opduik, nie net in die biologiese wetenskappe nie. Die basiese veronderstellings van evolusiedenke is dat die eenvoudige ontwikkel en verander tot by die komplekse objek wat ondersoek word. Van geen lewe tot lewe, van eensellig tot meersellig, van lewe tot verskeidenheid van plante en diere, van 'n voorsaak tot aap tot mens, byvoorbeeld.

Die ontwikkeling in tegnologie maak die vermeende evolusieprosesse vir die menslike verstand verstaanbaar en aanvaarbaar. Die logaritmiëse groei en ontwikkeling van tegnologie maak dat daar nou meer rekenaarkrag in 'n selfoon is as wat beskikbaar was toe 'n man na die maan gereis het. Net so maak dit vir mense sin dat die godsdienstige gegroei het van eenvoudig na kompleks en dan is dit 'n babatreetjie na die begin van kinderlike geloof ondergrawe. Sonder stamp of stoot, sonder enige gefundeerde beredenering word iets soos die dokument hipotese (wat literêre afhanklikheid voorhou) verhef tot feitelikheid. So word veronderstel dat die Pentateug uit 'n enkele dokument gegroei het tot dit wat nou bekend staan as die boeke wat Moses geskryf het. Op soortgelyke wyse word die bronne teorie

tot bronne-verklaring verhef. Die argument gaan iets soos die volgende; Markus blyk die eenvoudigste (mees primitiewe) dokument te wees met die minste verwysings na die bo-natuurlike en daarom is hy die oudste, en Matteus en Lukas stem ooreen omdat hulle by Markus afgeskryf het en van 'n gesamentlike bron, te wete Q, gebruik gemaak het. So klink die hipotese. Dit lyk so eenvoudig, die evolusionêre groei van eenvoudig na kompleks. In die denkproses word die gesag van die Evangelies afsonderlik ondergrawe, maar wie gaan nou daarvoor kla? Die sterk invloed van Darwin het daartoe gelei dat Bultmann aangedring het dat die '*religionsgeschichte*' die agtergrond moet wees vir vormkritiek. Net so moes die veronderstelde ontwikkeling en verandering van godsdienstige agtergronde die raamwerk vorm vir die verstaan van Nuwe Testamentiese denke oor Jesus.

Die laaste groot invloed wat ons gaan bespreek, is die **Eksistensialisme** van iemand soos **Kierkegaard**. In reaksie op die idealisme, kom Kierkegaard en plaas die werklikheid weer in die mens se verstaan en bestaan. Daar word vandag baie gemaak van die eksistensiële appèl wat die Evangelieverkondiging moet bewerkstellig. Sonder die mens se keuse binne die bestaan van 'n eie werklikheid, kan daar skynbaar niks gebeur nie. Volgens hom is geen objektiewe kernwaarheid of godsdienstige waarheid kenbaar nie. Die mens se verstaan, die mens se eie eksistensie en keuse word die grond van alle kennis. Dit kom neer op 'n relativisme wat nie oorkom kan word nie. Waarheid bly 'n persoonlike keuse. Bultmann sou steun op hierdie *outentieke keuse* wat die mens maak, wat dan betekenis en krag gee aan die mens se geloofsprong.

Die invloed van **Neo-Marxisme** as denksisteem wat baie te sê het oor mag en stryd asook die verwoestende invloed

van **Dekonstruksie** en dié twee se bydrae tot die Historiese Kritiek en die gebruik van sodanige denke word nie eens nou verdiskonteer nie.

Daar is sekerlik enkele positiewe bydraes tot teologiese insigte wat vanuit die Historiese Kritiese benadering gemaak kan word. Die vraag wat gestel moet word, is of hierdie bydraes bepalend, deurslaggewend of bydraend verstaan moet word. Bepalend beteken dat ander stemme skaars gehoor word, deurslaggewend beteken dat ander stemme gehoor word, maar dat die Historiese Kritiese resultate deurslaggewend is by besluitneming. Bydraend beteken gewoon dat elke bydrae geweeg word en die bydraes wat verstaan bevorder en geloof ondersteun, gebruik word.

Verkondiging moet lei tot geloof en die versterking van geloof. Teologiese arbeid moet verkondiging ondersteun. Die Historiese Kritiese metodes skep nie 'n veilige geloofsruimte vir teologiese navorsing nie. Dit het 'n negatiewe impak. Hierdie situasie kan illustreer word uit die probleme waarmee die eksegeet worstel wat die soeke na die historiese Jesus (*ipsissima verba Jesu*) en bronkritiek as **bepalend** verstaan. Dennis A. Hutchison wys op sekere gevolge van die Historiese Kritiese metodes vir die prediking.

- Pogings om verskille tussen die Evangelies te harmoniseer, is nie in vandag se denke 'n aanvaarbare metode of benadering nie.
- Die eksegeet het geen konkrete historiese basis vir die verkondiging van die Evangelie nie aangesien historiese akkuraatheid en inspirasie nie aanvaar kan word nie, dit is eerder onder verdenking.
- Die reëls van hermeneutiek het ook verander met die dat toepassing as deel van interpretasie gesien word en daar eers na verskeie teologieë gekyk moet word voordat 'n teks se betekenis afgelei kan word.

- Daar is geen sekerheid tydens die interaksie met die teks nie wat meer vrae as antwoorde laat. Is die woorde wat ons hier lees Jesus se eie of plaas die Evangelieskrywer dit om een of ander rede in Sy mond?
- Dit bring die prediker by 'n etiese krisis. Hoe preek jy oor hierdie teks, onseker of Jesus dit self gesê het? Kan jy gewig gee aan woorde wat Jesus dalk nie geuiter het nie?

Moet ons hierdie benadering steeds ondersteun en sentraal plaas of moet ons aanbeweeg (soos talle ander Evangelie-getroue universiteite) na 'n ander benadering soos die Grammaties-Historiese benadering?